Hoe om Mariekoekies te versier

Graad R tot 4

Hierdie is ’n lekker aktiwiteit om met PD-spanne te doen. Doen dit as deel van die volgende kentekens: Kuiertyd, Junior Kok, Gasheer en Gasvrou, of sommer net vir die pret.

Onderwerpe: Kuiertyd, Junior Kok, Gasheer en Gasvrou

Stappe

Benodigdhede: Mariekoekies, versiersuiker, verskillende lekkergoed soos Smarties, Astros, malvalekkers, Jelly tots ens.

1. Maak versiersuiker met bietjie water aan. Verskillende kleure versiersuiker kan aangemaak word. Onthou om aanvanklik net bietjie water by die versiersuiker te gooi en dan meer te maak totdat dit die regte dikte is. Gooi slegs bietjie kleursel in.
2. Smeer die koekies met versiersuiker.
3. Gebruik lekkers om koekies te versier.
4. Hier is ’n paar voorbeelde:

Wenke

1. Indien kinders die versiersuiker self aanmaak, moet die spanoffisier die water byvoeg.
2. Die Mariekoekies breek maklik. Maak seker dat daar genoeg is.
3. Hierdie aktiwiteit kan saam met die tema emosies gedoen word. Maak ’n gesiggie wat glimlag, hartseer is, ens. Verduidelik eers verskillende emosies. Laat hulle dan Mariekoekies versier om verskillende emosies mee voor te stel.

Waarskuwings

1. Waak teen vermorsing. Moenie dat die spanlede te veel koekies maak nie.
2. Sorg dat hande eers gewas word, voordat spanlede met die aktiwiteit begin.